Publication: Sake (Rapport)
Date: Sunday, September 17, 2017
Page: 5

# Sulke hoë rente is oëverblindery – die risiko is groot

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

Ek kyk vandag na die hoë rente wat sekere banke aanbied. Ek kry soveel navrae van lesers hieroor dat ek dit nie kan ignoreer nie.

Ek gaan nie die instansies se name noem nie. Die ouens adverteer groot genoeg.

Kom ons begin heel voor. Hoekom sal enige instansie, 'n bank, die staat of wie ook al, bereid wees om vir jou rente te betaal?

Dit is die "prys" wat hulle betaal om jou geld te leen. Ek leen R1 000 by jou vir 'n jaar teen 8% rente. Ek betaal R1 080 terug en jy het dus R80 verdien deur jou geld aan my te leen.

Dit is eenvoudige rente en ek kom terug na dié punt toe. Maar eers, hoekom sal mense jou geld wil leen? Om iets te finansier waarvoor hulle nie geld het nie. Die rente, soos genoem, is die prys wat hulle bereid is om daarvoor te betaal.

'n Belegging werk niks anders nie.

Ek leen geld by jou, maar noem dit 'n belegging wat jy kan doen. Ek betaal rente aan jou (die 8% of R80 in ons voorbeeld) en noem dit 'n opbrengs.

Gewoonlik word lenings (beleggings) oor langer termyne, byvoorbeeld vyf jaar, gedoen en dan word die rente bygetel (ter wille van eenvoud hou ons dit jaarliks, maar dit kan ook kwartaalliks of selfs daagliks wees).

As die rente nie aan jou uitbetaal word nie, is dit net so goed jy leen (of herbelê) elke jaar daardie rente. Die gevolg is dat jy rente op rente verdien.

Die R80 van die eerste jaar word R86 ná jaar twee ensovoorts. Ná vyf jaar is jou totale rente bykans 47%. Dit is die krag van kumulatiewe groei. Dis hoekom ons sê jou geld "werk" vir jou.

Maar dit kan ook lei tot oëverblindery, soos wat ek sien sommige banke tans doen. Pleks van om jou 8% rente per jaar aan te bied in hul advertensies (of is dit lokvalle?), bied hulle jou die kumulatiewe rente gedeel deur byvoorbeeld vyf jaar. In ons voorbeeld is dit 47% gedeel deur 5 of 9,4% per jaar. Dit is nie net oneties nie, dis vals.

So sien ek een bank adverteer 12,2% rente oor vyf jaar, wat eintlik 10% per jaar is.

Kom ons kyk nou na hoë rente in die algemeen, regtig hoër as die meeste ander banke, byvoorbeeld een wat 11,5% rente per jaar aanbied.

Vra jouself af: As hy vir jou 11,5% per jaar rente aanbied, terwyl die prima uitleenkoers 10,25% is, aan wie leen hy jou geld om soveel meer as dit daaruit te kan verdien? Wie gaan 20% op 'n banklening betaal as die prima koers 10,25% is? Beslis nie die beste tipe kliënt nie. Dit is die swak betalers, dié wat reeds vrot van die skuld is, die mense wat groot risiko inhou.

Die bank dra nie daardie risiko nie. Dis jou geld wat geleen word en jy dra die risiko. As genoeg van daardie swak kliënte op 'n dag nie kan betaal nie, is die bank in die moeilikheid - en jy daarmee saam.

Die probleem is dat mense geld in banke belê omdat hulle meen dit is veiliger as ander beleggings. Dis 'n fout. Die bank leen jou geld aan sy kliënte en daaraan is risiko verbonde.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur by Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.